DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

STELLENBOSCH AFDELING
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
Faks: 086 628 5477
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 251 **SOMER (Januarie tot Maart 2008)**

> The mountains are neither wicked, nor kind to us. They are nothing more than an organic mass. For us men, they appear unpredictable, and they are not fully understood scientifically. They have no will of their own, no emotions. They do not draw us to them, but equally they do not shake us off. They represent for us a marvellous opportunity for experience. And because they are infinitely bigger than we are, they remain a dangerous medium at all levels.
>
> Reinhold Messner

JAARVERGADERING 2007

Die Jaarvergadering het op Donderdag 18 Oktober 2007 plaasgevind by die Steinmanns se huis, Jonkershoekweg 65. Braaivleisvure was beskikbaar maar relatief min lede het voor die vergadering kom braai.
Die algemene lede vergadering het soos beplan om 19h30 begin met ongeveer 18 persone wat hulle plekke in ‘n sirkel om ‘n dataprojektor ingeneem het. Die projektor het voor en tydens die vergadering skyfies van die afgelope uitstappies in willekeurige volgorde gewys.
Die belangrikste terugvoer uit die vergadering is:
1. Veranderinge op die bestuur: Gerhard tree as voorsitter af, Peter-Jan Randewijk en Jeanette Holtzhausen is op die bestuur genomineer. Paul word as voorsitter verkies. Die nuwe bestuur en die verdeling van die portefeuljes (soos besluit op die daarop volgende bestuurvergadering van 29 Oktober 2007) word op die laaste bladsy van die nuusbrief uiteengesit.
2. Verslag oor die afgelope klimprogram: van die 39 uitstappies wat tussen Oktober 2006 en 2007 plaasgevind het, was daar 60% eendag, 28% tweedag en die res meer as tweedag uitstappe. Dwarsbergplato met Dieter Steinmann, Hangklippiek van Coen Calitz, Simonsberg met Louw Engelbrecht en Riebeek se Kasteelberg met Riaan Doorduin was van die gewildste, terwyl één Zeebasbosch werksnaweek saam met Gerhard die swakste ondersteun is.
3. Die finansiële state is deur Pieter Diener aan die vergadering voorgelê en bespreek. Ledegeld word effens verhoog. Sien elders vir die nuwe tariewe.
4. Die afgetrede voorsitter word bedank vir sy bedrae tot die bestuur van die klub en vir sy harde werk op die klub eiendom Zeebasbosch.
Weereens baie dankie aan die Steinmanns vir die gebruik van hulle huis.

VOORSITTERSVERSLAG 2007

Bestuur
Voorsitter: Gerhard van Wyngaardt
Sekretaris: Louw Engelbrecht
Tesourier en lede-sekretaris: Pieter Diener
Addisionele lede: Paul Verhoeven (Klimprogram), Riaan Doorduin (Internettuisblad)

Ledesake
Aan die einde van 2007 staan die Afdeling se ledetal op 184, waarvan 177 stemgeregtigde lede is. Die Afdeling het in die afgelope jaar 2 nuwe lede bygekry terwyl 9 lede bedank het, waarvan 2 lede na ander Afdelings oorgeplaas is. Die lidmaatskap van 3 lede is beëindig as gevolg van die nie-betaling van ledegeld. Aan die begin van die jaar was daar 8 aansoekers op rekord; gedurende die jaar het nog 15 bygekom, terwyl 10 verval het.

Finansies
Die Afdeling se finansies is gesond, met ‘n inkomste van R43 436 en uitgawes van R22 359. Die inkomste sluit egter in die rente ontvang op die Afdeling se beleggings. Indien dit buite rekening gelaat word het die Afdeling in effek ‘n klein verlies gemaak. Die Afdeling se finansiële state is ge-oudit en is by die Tesourier beskikbaar ter insae.

Aktiwiteite
Gedurende die jaar is daar 46 klubuitstappies gereël waarvan slegs 7 nie plaasgevind het nie; twee is gekanseleer as gevolg van geen belangstelling en vyf weens reën. Op sosiale front is ses “skyfievertonings” deur lede aangebied, onder andere deur Correne Coetzer oor haar staptog van ‘Hercules Inlet’ tot die Suidpool, ‘n eerste deur ‘n Suid Afrikaanse vrou.

Eiendom
Vier suksesvolle werksnaweke is aangebied na die Afdeling se eiendom, Zeebasbosch. Daar is die afgelope jaar gekonsentreer op die uittrek van hakea saailinge en ook afsaag van volwasse denne. Kontak is gemaak met die eienaars van die buurplaas, Silkbush Vineyards.

Publikasies
Ten spyte van die feit dat daar geen nuusbriefredakteur was nie, is vier nuusbriewe tog gepubliseer. Dit blyk dat die internet tuisblad ‘n belangrike bron van inligting vir die lede is en daar sal verseker word dat dit in die toekoms meer gereeld opgedateer word.

Algemeen
Die Afdeling se werksaamhede is die afgelope jaar gekortwiek deur ‘n tekort aan bestuurslede. So was daar byvoorbeeld geen persoon om aandag te gee aan uitreik na die omliggende gemeenskappe nie (BTK, skole, jeugorganisasies, ander buiteleweklubs, ens.)

DIE PIEK STEMPEL PROJEK

Die 10 Pieke projek is 'n inisiatief geloods deur ons afdeling om lede aan te moedig om weereens sommige van die "klassieke" bergspitse in die Suid-Wes Kaap te klim. Die plan is om met verloop van tyd ‘n unieke stempel op elk van die tien gekose spitse te plaas. Lede ontvang elk ‘n kaart waarop hulle die stempels kan versamel soos wat die pieke bestyg word. Daar is reeds BKSA stempels geplaas op Katedraal (1515m), die Tweelingpieke (1494m) en Rifberg (1517m) in Jonkershoek, asook Groot Drakensteinpiek (1491m), Simonsberg (1390m) en Mostertshoek Tweeling (2031m). Die ander pieke wat deel uitmaak van die eerste fase is : Du Toitspiek (1994m), Victoriapiek (1591m), Buffelshoekpiek (2059m), Sybasberg (1899m), Baileyspiek (1517m) en Matroosberg (2249m). Kontak die bestuurslid vir klimprogram by uitstappies by ste.mcsa.org.za indien u meer wil weet, of om aan die 10-pieke stempel projek deel te neem. U kan ook vir Teuns Kok kontak by 021-8838946 (na ure). Lede kan ook op die ledegeld hernuwingsvorm aandui indien hulle die stempelkaart wil ontvang.

ALGEMENE BERGNUUS

Internasionale klimbyeenkoms in Suid Afrika - Paastyd 2008

'n Internasionale rotsklim byeenkoms word deur die Johannesburg afdeling vanaf 15 - 24 Maart 2008 in die Magaliesberge aangebied. Rotsklim sal plaasvind in die Magaliesberge, Blouberg, Krantzberg, Hangklip, Waterval Boven, Blydepoort en Gold Rush Boulders. Daar sal moontlik daguitstappies in die Magaliesberge en twee of drie dae stappe in die Drakensberge aangebied word. Belangstellendes kan vir Ulrike Kiefer kontak by ukiefer by icon.co.za. Meer inligting is beskikbaar op die nasionale webwerf. (http://www.mcsa.org.za/)

Milnerpiek gesluit

Mark Johnson (markjohnston by xsinet.co.za), voorsitter van Kaapstad afdeling se Rotsklim subkommitee, het laat weet dat Milnerpiek tot verdere kennisgewing vir rotsklim gesluit is. Die redes hiervoor is nie duidelik nie, maar dis moontlik dat toegang ‘n probleem is, aangesien die grondeienaar tans oorsee is.

Reptielbewaring

'n Projek is onderweg om die Rooi Data boek vir reptiele in Suid Afrika, Lesotho en Swaziland te hersien. Rekords van reptiele gefotografeer in Suidelike Afrika in die tydperk 1 April 2006 tot 15 Maart 2008 word benodig - en jy kan self 'n prys wen vir jou bydrae! Kyk asseblief na die webwerf www.saherps.net/sarca/particip vir instruksies. Alle rekords sal in die Rooi Data Boek vir reptiele opgeneem word vir publikasie in 2009. Kontakpersoon: Marius Burger (sungazer by iafrica.com)

Luiperdbewaring: Cederberge

Die BKSA ondersteun die "Cape Leopard Trust", wat roofdierbewaring in die Wes-Kaap bevorder, op verskeie maniere. Onder andere is fondse geskenk vir kameras en een van die klub se lede lewer vrywillige dienste as veearts aan die projek. Hoe kan lede help? Skenk donasies van goeie kwaliteit mans en dames parfuum (die katte is kieskeurig!) aan die projek - dit word gebruik om die luiperds mee te lok. Indien u 'n halfleë botteltjie of twee het wat op die spieëlkas staan en stof vergader, kontak vir Quinton Martins (capeleopard by hixnet.co.za; http://www.capeleopard.org.za/, 027-482 2785; 073-241 4513), PO Box 1118, Sun Valley, 7985.

Cederberg Bewarea: 10 Jarige bestaansviering

Vier lede van die Stellenbosch afdeling en twee lede van Kaapstad het die Bergklub verteenwoordig by die tienjarige bestaansviering van die Cederberg Bewarea. Die Kaapstad Afdeling van die BKSA besit eiendom by Breekkrans in die Suidelike Cederberge, dus vorm ons deel van die Bewarea. Dit is 'n dekade gelede gestig deur grondeienaars in samewerking met Cape Nature en ander rolspelers. Die doel is om die unieke natuurerfenis van die Cederberge vir die toekoms te bewaar. Huidiglik is daar meer as dertig projekte onderweg. Dit sluit in roofdierbewaring, die kweek en hervestig van sederbome, uitroei van indringerplante en planne vir brandvoorkoming en bestryding. Veral van belang vir bergklublede is dat Cape Nature, onder aanmoediging van Bewarea lede, 'n hele paar onbegaanbaar toegegroeide stappaadjies in die berge oopgekap het. Die feestelikhede het 'n verskeidenheid aktiwiteite ingesluit, onder andere uitstappies, praatjies oor argeologie, geologie, spinnekoppe en die luiperdprojek. Daar was 'n swierige dinee by Mount Ceder asook 'n kerkdiens by die Stadsaalgrotte. Belangstellendes is aangemoedig om by die "Vriende van die Cederberg" belangegroep aan te sluit.

Kwazulu Natal/ Drakensberge

"KZN Wildlife" is bekommerd oor die fisiese impak van groot groepe stappers in die wildernis areas van die Ukhahlamba Drakensberg Park, en het gevra dat groep uitstappies beperk word tot 'n maksimum van 12 lede per uitstappie. Organiseerders moet saamwerk met die bewaringsbestuurder van die area waar beplan word om te stap. Groter groepe word gevra om op te deel in partye van maksimum twaalf lede, wat dan in verskillende rigtings of areas kan stap. Dit word om veiligheidredes aanbeveel dat 'n geselskap minstens vier lede moet bevat. Stappers word ook herinner om die toepaslike uitstappieregisters in te vul, aangesien dit van groot waarde kan wees tydens reddingsoperasies.

Daar is ook nuwe verwikkelinge in verband met die Maluthi Drakensberg Oorgrenspark. 'n Voorlopige plan vir die bewaring, bestuur en ontwikkeling van die Drakensberg oor die volgende 25 jaar is gereed om aan owerhede voorgelê te word. Vir meer detail kontak Iona Stewart (iona by sai.co.za) van die KZN afdeling.

INTERNASIONALE DAG VAN DIE BERGE: 11 DESEMBER 2007

Sedert 2003 is 11 Desember deur die Verenigde Nasies Algemene Vergadering verklaar as 'Internasionale Dag van die Berge'. Hierdie spesiale VN dag plaas die fokus op die wêreldwye belang van berg en hoogland ekosisteme. 'n Wye gehoor word betrek, onder andere die publiek, regerings, nie-regeringsorganisasies, VN agentskappe, die privaatsektor en die media. Rolspelers word aangemoedig om betekenisvolle veranderinge en inisiatiewe vir bewaring in bergagtige omgewings te inisieer en ondersteun. Die tema vir 2007 is klimaatsverandering: "Facing change: Climate Change in Mountain Areas." Kommunikasie materiaal word saamgestel deur die FAO (VN agentskap wat aangewys is om die aktiwiteite te koordineer), in samewerking met die "Sentrum vir Ontwikkeling en die Omgewing" (CDE) in Switzerland. 'n Inligtingstuk sal saamgestel word met praktiese voorstelle van aksie wat geneem kan word om klimaatsverandering te beveg, voorbeelde van pogings om die negatiewe impak van klimaatsverandering te beheer, asook gevalle waar klimaatsverandering 'n positiewe impak het (deurdat dit byvoorbeeld geleenthede skep).
Hier volg die kontakbesonderhede vir verdere inligting in verband met kommunikasie materiale en voorbereidings vir 11 Desember 2007: "Please contact Alemneh Dejene, Senior Officer, Environmental Assessment and Management Unit (FAO) (alemneh.dejene by fao.org) "
Kyk ook gerus na die webwerf http://www.un.org/climatechange/

MCSA JOURNAL- Instructions to authors

Please remember that contributions for the 2007 Journal should reach the editor, Cally Henderson (callyh by envmc2.co.za; 011-326 3150; 082-600 8795) by 31 January 2008. Late submissions will not be accepted after 31 March 2008, and submissions missing information as requested below will also be returned to authors.

Submission information
1. Each article submitted must have a TITLE, AUTHOR NAME, and FULL AUTHOR CONTACT DETAILS.

2. Photographs, if submitted, must be submitted at the same time as the article (not months later). No more than TEN photos may be submitted and they must be submitted immediately in HIGH RESOLUTION, as jpg or tiff files (min 1.5 Mb per photo preferably). AN MS WORD TABLE WITH PHOTO FILE NAME, CAPTION AND PHOTOGRAPHER for each photo, must accompany photos. If there are particular photos you feel it is essential be included in the article, please indicate as much. Photos are *not* to be submitted embedded in the Word document – we cannot print from such format. All material can be emailed to the editor, so long as individual messages do not exceed 5 Megabytes. Please use the Style Sheet on the website at http://www.mcsa.org.za/cent/11_media/journal/journal.php as a guide to spelling conventions for mountaineering terms and especially for route description style and layout. Route descriptions submitted which deviate significantly from the guideline format will be returned to authors for correction. Please be very clear in route descriptions – they often present many problems and much to'ing and fro'ing with authors. Check route descriptions in previous issues of the Journal.

We would prefer ALL material to be submitted in electronic format: if you have prints or slides, please could you get them scanned (at 300 dpi resolution) (all photographic shops now offer scanning services). Nonetheless, high-resolution digital images copied to CD, prints (must be very good quality and sharp for use in publishing) and 35mm slides may be posted to:
The Editor - Journal 2006/ C Henderson; PO Box 413828, CRAIGHALL 2024.

LEDESAKE en LEDENUUS

Nuwe lede: Ons verwelkom die volgende nuwe lede en hoop julle sal saam met ons baie vreugde put uit die Bolandse berge: Kari Doorduin, Leonie van Rooyen, Andries Lotriet.

Aansoekers: Geen nuwe aansoeke om lidmaatskap is sedert Oktober 2007 ontvang nie.

LEDEGELD VIR 2008

By die afgelope jaarvergadering is die ledegeld vir 2008 soos volg vasgestel:
Hooflid: R170. (Dit sluit in R90 vir ledegeld plus R80 vir die Joernaal wat elke hooflid ontvang.)
Addisionele lede by dieselfde adres as die hooflid betaal R70. Gesinslede (skoliere onder 18 jaar) betaal R25. Vir lede van ander Afdelings, wat slegs die omsendbrief wil onvang, is die koste R40.
Ledegeldhernuwingskennisgewings is hierby ingesluit of word gepos aan lede wat die omsendbrief slegs per e-pos ontvang.
Ledegeld is betaalbaar voor of op 31 Maart 2008.
(Nuusbriewe van ander afdelings is op die webwerf en by die lid vir klimprogram beskikbaar.)

LEDEBYDRAES VIR DIE NUUSBRIEF

Bydraes vir die Omsendbriewe wat in 2008 verskyn moet die Nuusbriefredakteur voor die volgende afsnydatums bereik. Die beoogde datum van publikasie verskyn in hakies.
No 252: 15 Februarie (Begin Maart 2008)
No 253: 16 Mei (Begin Junie 2008)
No 254: 15 Aug (Begin September 2008)

• KLIMPROGRAM: Januarie tot Maart 2008

STAPPERS:

- Deelname aan alle uitstappies geskied **op eie risiko**.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om plek te bespreek.
- Sluitingsdatum gewoonlik een week voor datum.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom abs. 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Nie-lede betaal R20 vir deelname per uitstappie plus die volle permitfooi.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permit koste aanspreeklik gehou word.
- Die bymekaarkom plek vir alle uitstappies is voor die US Elektriese Ingenieursgebou se ingang (parkeerterrein aan Oostekant van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van verslegtende weersomstandighede besluit die leier of die uitstappie gekanselleer word, in geval van twyfel skakel die leier.
- Lede wat **Wildcards** besit moet asseblief vooraf die leier laat weet en dit dan saambring op die uitstappies. Dit sal die Klub help om te bespaar op permitkostes.

LEIERS:
Stuur asb 'n volledige uitstappie verslag aan die bestuurslede vir Klimprogram, Nuusbrief en aan die Sekretaris (sien adresse op agterblad van die Nuusbrief) en 'n harde kopie aan BKSA, Posbus 152, Stellenbosch, 7599.

NAWEEK 12-13 JANUARIE: VOLSTRUISKLOOF
Indrukwekkende kloof met lang abseils! Abseil ervaring vereiste. Bel leier.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946 h of epos: teuns.kok by capetown.gov.za
Vertrek: 13h00 vanaf die Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R20

SATERDAG 19 JANUARIE: WITTERIVIER, BAINS KLOOF
Eerste Tol na Tweede Tol met *boulder hop* en swem! Getalle beperk. Bel leier.
Leier: Peter-Jan Randewijk: 021-883 8592 h
Vertrek: 07h00 vanaf die Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R45

GESINSNAWEEK 25-27 JANUARIE: WAAIHOEK-KLOOF
Halfspoed. Kinders welkom. Slaap Vrydagaand by die bek van die kloof by die karre. Bel leier.
Leier: Lydia Cilliers: 021-8764461 h of lydiac@telkomsa.net
Vertrek: 17h00 vanaf die Waaihoekafdraai (op die Ceres/Worcesterpad)
Bydrae vir brandstof: R60

SATERDAG 26 JANUARIE 2008: TRADISIONELE ROTSKLIM, TAFELBERG
Mike Scott van die Kaapstad afdeling neem ons op één van die klassieke ou roetes. Getalle beperk. Bel die mede-leier om te bespreek. Bring eie klim toerusting (harnas, klimskoene).
Leier: Mike Scott van Kaapstad afdeling, epos: scottmj_by_telkomsa.net
Mede-leier: Paul Verhoeven 021 803 3334(w) of epos: pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: 07h00 vanaf die Ingenieursgebou of ontmoet die leiers by die Onderste Sweefspoorstasie om 08h00
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 2 FEBRUARIE: KOGELBERG
Stap by Palmietrivier met inheemse bos, fynbos en swemplek. Bel leier.
Leier: Dieter Steinmann: 021-886 6043 h
Vertrek: 07h00 vanaf die Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R50

SATERDAG 9 FEBRUARIE: DWARSBERGPLATO
Stap via Bergriviernek vir'n "plato toer" met Disas, swem en middagete by Hauptfleish se grot.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946 h of teuns.kok by capetown.gov.za
Vertrek: 7h00 vanaf Jonkershoekhek.
Bydrae vir brandstof: R10

NAWEEK 16-17 FEBRUARIE: GROOTHOEKKLOOF
Klassieke kloof abseil saam met Retief. Ruwe terrein. Fiksheid vereiste. Bring harnas en abseil toerusting. Kan Vrydagaand op die plaas oornag. Bel leier.
Leier: Retief Jordaan: 023-356 2226 h
Vertrek: 07h00 vanaf Tweespruit, De Doorns.
Bydrae vir brandstof: R80 + R30

SATERDAG 23 FEBRUARIE: ADOLFSKLOOF
Halfspoed. Kinders welkom. Bel leier teen Woensdag 20 Februarie vir permitreëlings.
Leier: Lydia Cilliers: 021-876 4461 h of lydiac@telkomsa.net
Vertrek: 8h30 vanaf bokant van Franschhoekpas.
Bydrae tot brandstof: R45

SONDAG 24 FEBRUARIE: KERKDIENS, TAFELBERG
Kerkdiens by *McClear's Beacon*. Leier sal roete bepaal.
Leier: Jaap Van Wyk: 021-887 5335 h
Vertrek: 07h00 vanaf die Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 1 MAART: HELDERBERG
Redelik maklike klim. 'n Bergtop met wonderlike vergesigte.
Leier: Peter-Jan Randewijk: 021-883 8592 h
Vertrek: 07h00 vanaf die Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R30

SATERDAG 15 MAART: WOLWEKLOOF
Halfspoed. Kinders welkom. Rustig met lekker swempoele.
Leier: Lydia Cilliers: 021-876 4461 h of lydiac@telkomsa.net
Vertrek: 8h30 vanaf Robertsvallei.
Bydrae tot brandstof: R30

SATERDAG 15 MAART: PIEKE, JONKERSHOEK
Langrivier op, Nerina af. Fiksheid vereiste.
Leier: Teuns Kok: 021-883 8946 h of teuns.kok@capetown.gov.za
Vertrek: 7h00 vanaf Jonkershoek.
Bydrae vir brandstof: Stap vanaf hek.

• UITSTAPPIEVERSLAE

Matroosberg, 23-24 Junie 2007

Geen versoeke om deel te neem is aan die leier gerig nie. Naweek het ook uitgereën.

Eckhardt von Delft

Katedraal, 25 Augustus 2007

Dit was 'n wonderlike sonskyn dag na afloop van drie dae se onophoudelike reën. Met 'n dreigende kouefront en reën voorspel vir die volgende dag moes ons net eenvoudig 'n berg gaan klim. Verbasend min mense het egter opgedaag ten spyte van die wonderlike dag. Die roete was betreklik droog, behalwe in die skadu kolle. Die 360 grade uitsig van bo het die klim beslis die moeite werd gemaak. Katedraal spog ook nou met 'n nuwe BKSA Stellenbosch Afdeling stempel te danke aan Paul. Alles het goed verloop tot en met die afgaan slag. Die kontoerpad was heeltemal toegegroei na Bergriviernek se kant. Twaalf maande gelede was dit sleg, maar nou was dit heeltemal onbegaanbaar... Met die moontlikheid in my agterkop, het ek vir moontlike alternatiewe afgaan roetes begin uitkyk. Alhoewel die ou brandpad litteken duidelik sigbaar van bo af was, was dit beslis die verkeerde roep om daar te probeer afgaan. Gelukkig vir die volmaan, anders sou dit nog erger gewees het. Om 20:00 het ons uiteindelik uitgeput by die motors aangekom.

Peter-Jan Randewijk

Swartbosrug, 6 September 2007

A mid week joint meet with Tony Hehrer of the Cape Town section. What a pleasure to do a new route, especially in Jonkershoek. The route follows the rocky ridge between the Jonkershoek Valley and Swartboskloof. The scrambling was easy, despite loose rocks and thick vegetation as a result of recent heavy rainfall. Upon reaching the upper ridge the group of nine climbers were entertained by a group of baboons. Thereafter we reached a vlakte, with a winding river and rocky pinnacles. All too soon, we reached the main path and descended via Swartboskloof. We reached the cars with enough time to enjoy a beer before driving home.

Karen Watkins

Spring – Woody dwarsstap, 8 September 2007

Drie lede, drie aansoekers en één gas het Saterdagoggend om 08h00 by Rontree in Kampsbaai saamgekom. By die uitdeel van toerusting (harnas, karabiner en lang sling) het dit liggies begin reën maar dit het nie verhoed dat die geselskap teen 08h20 op weg was na *Spring buttress* via die *pipe track*. Die wolke het die hele tyd oor die 12 Apostels bly hang. Op ’n hoogte van 600 meter op die *Three Ferns* roete waar die dwarsstap in noordelike rigting na *Woody buttress* begin, het ons met volle reënkledy verder geklim. Die moeiliker rotsklim stukke het egter droog gebly. By middagete was ons veilig in *Woody* kloof. Om vier uur was ons terug op Stellenbosch betyds vir ’n wedstryd van die Wêreldbeker Rugby.

Paul Verhoeven

Mont Rochelle, Franschhoek, 15 September 2007

Ons het rustig met die voetpad opgestap en was sommer vroeg al by die uitkyk oor Wemmershoek. Die Paarliete wou nog meer kilometers stap om te oefen vir 'n uitstappie na die Sederberge. Hulle is verder op met die pad in Perdekop se rigting. Drie van die oorblywendes het Observation piek gaan klim. Die wind het die res yskoud gewaai terwyl hulle vir ons gewag het. So is almal behalwe die Cilliers sommer vinnig terug karre toe gewaai. Die bittereinders het speel-speel teruggestap en was 15:30 weer by die parkeerplek.

Lydia Cilliers

Outreach meet, Table Mountain, 15 September 2007

With the mountain ablaze with colour, views stretched across the Cape Flats, Table Bay, Lion's Head and Signal Hill. Highlights included the Block House, a circular bench to enjoy lunch and a huge chestnut tree... What more could the joint Outreach meet ask for? How about about a helicopter rescue! (Or maybe it was a practice session that we witnessed...) Vanessa and her helper André brought eleven children from the Lotus River, Ottery and Wetton areas.The number of adults were equal to the number of children, a nice surprise considering that there is usually a shortage of helpers.

Karen Watkins

Sportklim, Paarlrots, 16 September 2007

Geen verslag ontvang nie.

Olifantsriver Dome, 22-24 September 2007

Despite a jinxed journey from Cape Town to Ceres, which included an overheating car and assisting a woman on the Bain's Kloof Pass whose car had set alight, twelve of us eventually set off from Skoongesig for the two-hour ascent of the kloof to our base camp at the Chicken Coop. Despite a favourable weather forecast it rained on and off all day on Saturday and John, Steve and I were thankful for the Chicken Coop shelter. With no signs of the rain abating five people aborted the trip but the rest of us spent the time sleeping, reading, talking and looking at John's Canadian and Irish holiday pictures. On the Monday the weather was fine and clear enough to make our way towards Olifanstriverdome. Because of the long way ahead and having to return to Cape Town we set a fast pace, helped by a bracing cold wind. After passing numerous dome-like pinnacles we realised that our goal was still a long way off and that we wouldn't make it – this time. It is not surprising that this route is not often undertaken and very little has been written about it. (The last mention in the MCSA journals was in 1947.) First climbed in 1929 and once known as Kasteel Meerhof, it's not surprising that "elusive" is a word which crops up again and again when reading up about the peak. We will put it on the calendar again one day soon.

Karen Watkins

Zeebasbosch werksnaweek, 29-30 September 2007

Die werksnaweek het wel plaasgevind, al was daar slegs een deelnemer! Die kettingsaag is maar tuis gelos omdat dit nie 'n goeie idee is om alleen daarmee te werk nie. Toe trek ek maar hakea saailinge uit. Dit laat jou met 'n heerlike gevoel van genoegdoening om te weet daar is 2000 klein onkruide wat nie gaan grootword nie. Ek sien uit na die volgende werksnaweek; wie kom saam?

Gerhard van Wyngaardt

Dutoitskop, Franschhoek, 6 Oktober 2007

Die uitsig was plek-plek belowend, maar die piek het heeldag sy kop in die wolke weggesteek. Behalwe vir die leiers was daar geen belangstelling nie - dus nog ’n Cilliers solo-uitstappie. Ons het gewag om te kyk of die weer wil beter raak, maar dit wou nie. Om 10h15 is ons uiteindelik oppad. Die blomme is pragtig na die brand. Ek en Tian was net voor 13h00 bo. Vier denneboompies het gegroet oppad af. ’n Verfrissende stappie.

Lydia Cilliers

Waterval, Urionskraal, 6-7 Oktober, 2007

Daar was gesinne en hardebaard klimmers saam op die uitstappie. Die families, insluitende twee ses-maande oue babas, het na ‘n interessante klofie geklim, al langs terrasse en oor ‘n waterval. Die kinders het oor middagete heerlik in die stroompie baljaar. ‘n Drie -trajek sportklim (21) en tradisionele klimme (19 en 16) is deur die klimmers geopen. Sondagoggend vroeg was dit nat, maar ons het indrukwekkende boesmangrotte besoek. Jason Orton het die geluk gehad om ‘n nuwe boesmangrot te ontdek.

Johan en Elvira Burger

Riebeek Kasteelberg, 13 Oktober 2007

Vroeg oggend begin, by Hans's Gift. Pragtige dag. Stap op teen die rug en hou so regs as moontlik. By die geploegde land links, regs op die rug is die roete redelik direk na bo. Halfpad stop gemaak by pragtige kliphout bome. Vandaar direk op met ’n redelike ge-boggom om Kees te laat verstaan dat ons kom! Bo het ons lekker die uitsig geniet saam met middagete!
Kasteelberg is een van daai pragtige klein berge, wat jy verstom staan om te sien hoe 'n klomp verskillende mikroklimate in een klein area bestaan. Pragtige fynbos en hier en daar nog ’n paar klein lenteblommetjies.

Riaan Doorduin

Dwarsbergplato en Victoriapiek, 20-21 Oktober 2007

Dit was die GROOT rugby naweek en slegs vier persone het op die uitstappie vertrek, naamlik Dieter en Maretha Steinmann, Mimi Westdyk en Mientie Holtzhausen. Na die eerste uur se stap, by die eerste water op die paadjie op na Bergriviernek, "kap een van die deelnemers flou" en besluit ons eenstemmig om die uitstappie te kanselleer. Terwyl ons reg maak om terug te loop kom die eerste van sowat tagtig landloop atlete by ons verby. Hulle was besig om vanaf die Hugenotemonument in Franschhoek oor Bergriviernek na Lanzerac te hardloop. Ons het saam met die tiende atleet weer onder by die Witbrug aangekom en na 'n rustige koppie tee huistoe gery.

Dieter Steinmann

Agter-Milnervlakte, 27-29 Oktober 2007

Uitstappie het nie plaasgevind nie weens gebrek aan belangstelling.

Morgan Behr

Gesinsnaweek - Haelhoek, 3-4 November 2007

Die uitstappie was onsuksesvol weens geen belangstelling en baie reën!

Lydia Cilliers

Weskaap gesamentlike klimnaweek: Jonkershoek, 10-11 November 2007

Sewe lede en één aansoeker het Saterdagmiddag vanaf Jonkershoek se hek Pieke toe gestap. Daar is vooraf besluit op twee roetes: Sentraalkloof en Langrivierkloof. Die geselskap het saam by die vlei bo-op die Pieke gekamp. Die reëns en koel weer die afgelope week het gesorg vir heerlike stap kondisies met water op die berg en by die kampplek. Die plantegroei was 'n hoogtepunt, met velde pienk en wit ericas in volle blom teen die hange. As gevolg van twee laat kansellasies kon Teuns se beplande Tierkloof-abseil nie plaasvind nie. Hy is alleen vroeg Sondagoggend af met Nerinakloof. Nico en Jeanette het in hulle eie tyd gevolg. Die vyf ander insluitende drie lede van die Kaapstad Afdeling het na Rifberg oorgestap/klim en via die slabroete afgekom. Mooi om te rapporteer dat die kontoer paadjie na Langrivierkloof weer oopgekap is! Groot dankie aan die reservaat bestuurder en sy span. Die "sit -sit" paadjie onderkant Nerinakloof is nog in redelike goeie toestand en stap lekker, maar sal binne 'n jaar of twee herstelwerk nodig hê. Die gesamentlike uitstappie is afgesluit met verversings by die teetuin. In geheel 'n baie ’n geslaagde naweek waarin daar vier roetes/klowe en twee bergpieke geklim is. Die Afdeling het die tema “Jonkershoek, sy berge en klowe” gestand gedoen.

Paul Verhoeven

Boomslanggrot, Kalkbaai, 24 November 2007

Op ‘n heerlike lenteoggend ontmoet ons by die Kalkbaaistasie.Ons klim die trappe tot oor Boyes Drive en begin die staptog in die rigting van Echo Valley.Dit is ongeveer ‘n uur se stap na die grot.Na ‘n kort blaaskans is die koplampe op en aan, en ons die grot in.
Na ‘n bietjie verdwaal in in ‘n nat doodlooptonnel is ons weer op pad.Ongelukkig was daar geen vlermuise die dag nie, maar die geel mos en vreemde grotformasies het ‘n bekoring van hul eie.
Na 20 minute is ons by die einde en stap ons oor die kop terug met vergesigte van die blou see en Valsbaai.
Werklik ‘n uitstappie wat ek vir jong kinders sal aanbeveel.

Louw Engelbrecht

DIE BESTUUR VIR 2007/2008

Voorsitter	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Onder-voorsitter & Bemarking	Riaan Doorduin	083 289 3942	riaan.doorduin by gmail.com
Lede sekretaris & Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Louw Engelbrecht	082 781 0783	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbrief redakteur	Jeanette Holtzhausen	021 715 2408 (h)	nuus by ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Teuns Kok	021 883 8946 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Kommunikasie	Peter-Jan Randewijk	021 883 8592 (h)	webwerf by ste.mcsa.org.za

Lede met spesifieke opdragte:

Eiendom	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	Gerhard by hho.co.za
Klub sleutels	Mientie Holtzhausen	021 887 1651 (h)	Oranjelaan 7, Uniepark
Webwerf	Alida Joubert-Louw	021 808 2731 (h)	alida by jeanne.co.za

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.
Let wel: Indien jy die bestuurslede per e-pos wil kontak, vervang dan die “by” met “@” in die adresse hierbo. Dit geld vir alle e-pos adresse in die nuusbrief vermeld.

• NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021-465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html
Indien probleme ondervind word met die webwerf gebruik die telefoonnommer vir plekbesprekings 021-6593500 of stuur epos: bookings by capenature.co.za.

Nuusbrief versorg deur Jeanette Holtzhausen
einde van nuusbrief No 251